26 November **Skrifgedeelte: Psalm 40:1-10**

Laat God se wil ook jou enigste begeerte wees!

Wanneer iemand iets groots vir jou doen of gee, kan ‘n mens jou weldoener nie genoeg bedank nie. Maar hoe gemaak met die weldade wat God aan ons bewys?

Uit die diepte van doodsangs het Dawid na die Here geroep, en die Here het afgebuig na hom en sy hulpgeroep gehoor. Die Here het hom gered en weer vastigheid onder sy voete gegee. Dawid kon weer voortgaan met sy lewe. Dit was egter nie om maar net rustig te lewe nie – die voortgang van sy lewe het ‘n besondere karakter vertoon. Omdat die Here hom gered het, het hy net een begeerte: Hy wil God se wil doen. Sy lewe moet deur die Woord beheers word, want sy stem is nie genoeg om God se lof te besing nie. Alle mense moet beweeg word om God se grootheid te loof.

Elke gelowige het die grootste weldaad ontvang. Jesus Christus het Hom totaal onderwerp aan die wil van sy Vader. Trouens, om die wil van sy Vader te doen, is sy kos, het Hy gesê. Omdat Hy die wil van God volmaak gedoen het, het Hy ons verlos uit die doodsangs van die sonde en die greep van Satan. Deur sy opstanding waarborg Hy ons nuwe lewe in Hom. Is daar iets groters wat ons ooit kan ontvang? Nee!

Laat ons dan nou onvoorwaardelik voortgaan met die voorneme om die wil van God te doen. Christus het mos sy Gees vir ons gegee. Hy leer ons die wil van God en maak ons gewillig en bereid om dit ook te doen.

Sing: Psalm 40:4 Ds CCA Vrey (Oudtshoorn)